

8 September - PRYS

Skrif- en Fokusgedeelte: 2 Samuel 22

Hoekom jubel jou hart soms meer as ander kere? Sekerlik is dit so omdat jou emosies as mens baie wisselvallig is. Soms voel jy jou vroliker, ryker en dankbaarder as andersins.

En tog, as jy jou naby God voel, wanneer jy sy genadige handewerk in jou lewe betrag, dan bondel die woorde in jou hart. Dan word jy oorstelp deur sy trou en die waarmaking van sy beloftes in jou lewe. Dan kan jy nie die woorde van lof en prys, van verheerliking en roem terughou nie. Dit wil uit, moet uit, want wie is jy en waarop kan jy roem?

Dit gebeur met Dawid as hy plotseling beseft dat hy nooit alleen gestaan het nie, maar dat die HERE altyd daar was. Soms agter hom, soms voor hom, soms rondom hom en dikwels tussen hom en die dood. Verlossend, beskermend en versorgend. Hy prys die Almagtige God wat nie in die woorde van mense vasgevang is nie, maar sy Vaderlike goedheid uitstort selfs teen alle verwagting in.

God hoor en sien en ervaar die beklemminge van sy kind en gee volkome uitkoms. Dit is die bron van alle lof en verheerliking: die verlossingsdade van God in jou lewe. Daardie gunsbetoning op grond van sy louere uitverkiesende liefde. Jy kan dit nie besyfer of verwoord of bevat nie, maar jy geniet die heerlike seën daarvan. Daardie lof breek deur die onweerswolke van hierdie lewe om jou gedurende die nuwe dag van God se genade in Jesus Christus voor die gees te roep.

Om te loof en te prys, is net moontlik omdat die Heilige Gees jou God se perspektief laat sien.

Dra jy die beswaardheid van hierdie lewe in jou hart? Begin dan dank en vra God vir sy Gees! Dan is jou hart en jou mond vol van God. Dan sal jy saam met alles en almal die bruilofslid in die nuwe Jerusalem sing.

Sing: Psalm 146:1 en 8 (1936-beryming)

Ds SD de Kock (Potchefstroom-Suid)